

Skriflesing: Lukas 5: 1 – 11; Johannes 21: 1 – 14

Teks: Lukas 5:10b; Johannes 21:3b, 6

Sing: VOORAF SANG- Ps. 89:1,4

TYDENS EREDIENS- Ps. 122:1; Ps. 65:3; Ps. 42:1,5; Ps. 66:3,5

Lukas 5: 1 – 11

Luk 5:1 Op 'n dag toe Jesus langs die Gennesaretmeer staan en die skare vorentoe beur om die woord van God te hoor,

Luk 5:2 sien Hy twee skuite aan die kant van die meer lê. Die vissers het uitgeklim en was besig om die nette uit te spoel.

Luk 5:3 Jesus klim toe in een van die skuite, die een wat aan Simon behoort, en vra hom om dit 'n entjie van die oewer af weg te stoot. Nadat Hy gaan sit het, het Hy die skare van die skuit af geleer.

Luk 5:4 Toe Hy klaar gepraat het, sê Hy vir Simon: "Vaar uit na die diep water toe en gooi julle nette uit om te vang."

Luk 5:5 "Meneer," antwoord Simon, "ons het die hele nag deur geswoeg sonder om iets te vang, maar op u woord sal ek die nette uitgooi."

Luk 5:6 En toe hulle dit doen, het hulle so 'n groot klomp vis gevang dat hulle nette wou skeur.

Luk 5:7 Hulle wink toe vir hulle maats in die ander skuit om te kom help. Hulle het gekom en albei die skuite so vol gemaak dat hulle amper gesink het.

Luk 5:8 Toe Simon Petrus dit sien, val hy voor Jesus se knieë neer en sê: "Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige mens."

Luk 5:9 Hy en almal wat saam met hom was, was stom verbaas oor die groot klomp vis wat hulle gevang het.

Luk 5:10 Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus wat saam met Simon gewerk het, was net so verbaas. **Toe sê Jesus vir Simon: "Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang."**

Luk 5:11 En nadat hulle die skuite op die strand getrek het, het hulle alles net so laat lê en sy volgelinge geword.

Johannes 21: 1 – 14

Joh 21:1 Daarna het Jesus weer aan sy dissipels verskyn, by die See van Tiberias. Dit het só gebeur:

Joh 21:2 Simon Petrus en Tomas, wat ook Didimus genoem is, Natanael van Kana in Galilea, die seuns van Sebedeus en nog twee ander dissipels was daar saam.

Joh 21:3 Simon Petrus sê toe vir hulle: "Ek gaan visvang." "Ons gaan ook saam met jou," sê hulle vir hom. **Hulle het gegaan en in die skuit geklim, maar daardie nag het hulle niks gevang nie.**

Joh 21:4 Toe dit al lig was, het Jesus daar op die strand gestaan, maar die dissipels het nie geweet dat dit Hy is nie.

Joh 21:5 Jesus vra toe vir hulle: "Mense, het julle nie iets gevang om te eet nie?" "Nee," antwoord hulle Hom.

Joh 21:6 **Hy sê toe vir hulle: "Gooi die net aan die regterkant van die skuit uit, dan sal julle iets kry." Hulle het die net toe daar uitgegooi, en vanweë die groot klomp vis kon hulle hom nie weer intrek nie.**

Joh 21:7 Die dissipel vir wie Jesus baie lief was, sê toe vir Petrus: "Dit is die Here!" Toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, het hy sy hemp aangetrek – want sy bolyf was kaal – en in die water gespring.

Joh 21:8 Hulle was nie ver van die land af nie, net omtrent honderd tree. Die ander dissipels het met die skuitjie gekom en die net met die visse gesleep.

Joh 21:9 Toe hulle aan land kom, sien hulle 'n vuur brand en 'n stuk vis daarop lê. Daar was brood ook.

Joh 21:10 Jesus sê toe vir hulle: "Bring van die vis wat julle nou net gevang het."

Joh 21:11 Simon Petrus het toe in die skuit geklim en die net op die land getrek. Dit was vol groot visse, honderd drie en vyftig, en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.

Joh 21:12 Toe sê Jesus vir hulle: "Kom eet." Nie een van die dissipels het sover gekom om vir Hom te vra: "Wie is U?" nie. Hulle het geweet dat dit die Here is.

Joh 21:13 Jesus kom toe, neem die brood en gee dit vir hulle, en net so ook die vis.

Joh 21:14 Dit was al die derde keer dat Jesus aan sy dissipels verskyn het nadat Hy uit die dood opgewek is.

Skriflesing: Lukas 5: 1 – 11; Johannes 21: 1 – 14

Teks: Lukas 5:10b; Johannes 21:3b, 6

Sing: VOORAF SANG- Ps. 89:1,4

TYDENS EREDIENS- Ps. 122:1; Ps. 65:3; Ps. 42:1,5; Ps. 66:3,5

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons by die sewende verskyning van Jesus Christus kom, ja die derde verskyning wat Johannes in sy evangelie in besonder van melding maak dan is daar weereens groot dinge wat in ons gedagtes en in ons geloof moet bly vassteek.

Elk van die evangeliste benader hierdie verskyninge van Jesus op 'n unieke manier. Ons besef elke evangelie is in die geheel uniek in hoe dit geskrywe staan en vir wie dit in die eerste plek geskrywe was. Mattheus het in sy evangelie eerstens sy volksgenote, die Jode in gedagte gehad. Daarom doen Mattheus besondere moeite om aan te toon dat Jesus uit die geslagsregister van Abraham gebore was. Die Jode moes besef Hy is die langverwagte Messias, die seun van Abraham Wie God aan hulle belowe het. Mattheus sal dikwels vir die Jode uit die Ou Testament wil aanhaal om Jesus se Joodse afkoms net nog duideliker te maak. Dikwels dan lees ons in Mattheus die aanhalings uit die Ou Testament en dan sê Mattheus baie spesifiek dat dit het gebeur soos daar geskrywe is.

Markus was weer in besonder tot die Romeine gerig. Ons aanvaar Markus was eintlik 'n soort van sekretaris vir die apostel Petrus gewees en het hy neergeskryf dit wat Petrus hom voorgesê het om te skrywe. Markus, die oudste en ook die kortste van die evangelies is een wat dinge vinnig tot 'n samevatting wou bring. Die Romeine was mense van die reg en dinge moes vinnig tot 'n punt gebring kon word. Markus gebruik hierdie kort begrip om die Romeine dan ook te wil oortuig hierdie Jesus wat julle reg Hom nie kon beskerm nie, Hy is die ware Verlosser, die Messias vir die wêreld. In Markus tref ons 'n unieke wyse aan hoe Jesus as Seun van God bely moet word. Markus haas hom as't ware om by die kruis van Jesus uit te kom. Daarin beklemtoon Markus God se geregtigheid dat sy Seun aan die kruis moes sterf om vir ons sondes te betaal en so die geregtigheid wat ons nie kon verdien vir ons te gee. Dis opmerklik hoe dikwels Markus die uitdrukking gebruik van *en dadelik ...* Die woordjie *dadelik* kom ten minste 42X in Markus voor, die meeste in vergelyking met al die ander evangelies om juis die spoed en die noodsaak aan te toon hoe nodig dit vir Jesus was om die prys vir ons te betaal.

Lukas is die evangelie waar 'n geneesheer, 'n man uit die mediese wetenskap weer sy evangelie tot ons wil bring. Hy het 'n spesifiek geadresseerde persoon nl. Theophilus aan wie hy skrywe as hy Lukas en Handeling begin skrywe. Theophilus was op sy beurt 'n Griek. Manne van die filosofie, mense wat graag kennis wou najaag en voorhou. Wat ons in Lukas moet opval is hoe hy Jesus verkondig, nie alleen as die Seun van God nie, maar ook is Hy werklik Mens. Die wysheid in Christus kon woorde nie saamvat

nie, al het Hy 'n gewoon 'n menslike liggaam soos ons gehad. Dikwels verwys Lukas dan na Jesus as die Seun van die mens. En waar Mattheus daarop ingestel was om Jesus se Joodse afkoms te beklemtoon, daarom begin Mattheus by Abraham, is Lukas hierin ook nog baie meer volledig as Mattheus. Lukas voer die geslagsregister van Jesus terug tot by Adam. Lukas wou aantoon hoe die eerste mens op aarde Jesus net so nodig gehad het soos ons Hom vandag nog het. En dan sal ons in Lukas, gegewe sy mediese professie, dikwels in sy evangelie lees van Jesus wat mense gesond gemaak het. Wondergenesings verdien by Lukas besondere aandag want Jesus is die Een wat lamheid en blindheid en watter siektes en siekes Hy op aarde teëgekome het, God regeer daarvoor. Jesus bewys dit hoe Hy selfs demone kon uitdryf. Lukas wil aan ons toon dat selfs Satan is aan God onderwerp. In Lukas lees ons in besonder van heelwat duiwel-uitdrywing.

En dan die evangelie van Johannes wat ons vandag 'n besondere deel kon lees, die heel laaste hoofstuk van die evangelie. Wat maak Johannes uniek?! Ons weet Johannes het sy evangelie in besonder laat saamtrek op die heerlijkheid van Christus. Ja, Johannes se groot fokuspunt was om God se heerlijkheid in Christus Jesus aan ons te toon. Die gedeelte rondom die sewende verskyning is hierin nie anders nie. Ons moet hierdie gedeelte ook kon lees met die gedagte van hoe heerlijk God se werke is as dit ook kom by hierdie besondere sewende verskyning.

Deel van die heerlijkheid wat Johannes deurgaans in sy evangelie voor oë hou is ook die dinge wat ewigheidswaarde het. As Mattheus in besonder met die Jode besig raak, Markus is die man van die daad, die Romeine moet dit weet, Lukas die geneesheer wat wys op die seer van hierdie lewe, die Grieke moet dit in besonder kon raaksien. Jou verstand kan nie alles regmaak nie.

Op die ry af is dit asof Johannes aan ons wil wys, bó al hierdie dinge is God se ewige troon. In sy evangelie, in sy briewe, maar ook as 'n oue Johannes die laaste boek van die Bybel skrywe, Openbaring, dan is dit asof hy telkens God se ewige heerskappy en heerlijkheid aan ons wil bring. So begin hy sy evangelie as't ware tydloos as ons in Johannes 1 vers 1 lees- *1 IN die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. 2 Hy was in die begin by God.* Vandag het ons die laaste hoofstuk gelees, dit wat die sewende verskyning omraam en steeds gaan dit om hierdie Jesus, Hy die Woord van God, Hy was in die begin die Woord, Hy sal dit tot die einde toe wees, ja Hy die Woord het daar op die strand by die sewende verskyning gestaan, want Hy is ook waarlik mens, wel toe opgestane mens, verheerlikte mens, die dissipel het gesê – *Dit is die Here ...* Almal moet dit weet dat Wie met Christus te make het, het waarlik met die Here te make. Dis asof Johannes dit nog vir ouslaas wou beklemtoon vóór sy evangelie kon eindig.

Tog moet ons ook die heel menslike kant aan die einde van hierdie evangelie goed raaksien. Petrus en van die ander dissipels lyk of hulle maar weer terug is waar alles vir hulle begin het. Hulle was vissermanne en nou is hulle dit maar weer. Ja, sou die vraag dalk aan Petrus bly knaag soos dr. Lukas tog wel Jesus se woorde kon aanhaal ... *van nou af sal jy mense vang.*

Nou lyk dit hy is maar weer net visser van visse ... Ook eintlik op die oog af nie suksesvol nie! Die meerderheid van sy mense het Jesus verwerp. Hulle ou klompie dissipels is maar weer terug op die ou wee. Soekend tastend is die mens as die opgestane Christus nie 'n realiteit in jou en my lewe is nie. Dit was die dissipels ook ná Jesus se verskriklike kruisdood, soekend, tastend!

As Petrus sê – *Ek gaan visvang* ... dan gebeur dit daar waar hulle die grootste deel van hulle lewe maar nog altyd was. In die omgewing van Galilea, by die see van Tiberias met die dorpie Kapernaum daar naby. Ja, die oue Nasaret ook daar naby, Jesus se grootword dorp, die plekkie Kana, waar ons verlede Sondag by was waar Jesus sy eerste wonderwerk gedoen het. Baie water in baie wyn verander, dit alles plekke wat groot betekenis kon dra, maar Hy wat die betekenis gebring het, was in die meeste dissipels se koppe 'n gekruisigde Man tot daardie dag waar hulle in die see was en daardie Man op die strand gestaan het, so asof Hy hulle inwag maar hulle weet nie eintlik wat om te verwag nie.

Dit sou weldra vir die dissipels duideliker moet word dat Jesus se woorde aan die begin van hulle dissipelskap en dit wat nou by hierdie sewende verskyning weer onderstreep moet word, is julle gaan nie vissers van visse kan wees nie, julle moet word vissers van mense. Dit wat in die begin al vir hulle gesê was. Dis asof Jesus met 'n ompad hierdie besondere waarheid weer aan die grootste groep van sy dissipels wou tuisbring. Sewe van hulle, Simon Petrus, Natanael, Thomas, Johannes en Jakobus en twee wie se name nie genoem word nie, was daardie nag heelnag op die see en het niks gevang nie. Die twee onbekendes kon dalk Andreas, Petrus se broer en Filippus gewees het, tog word hulle name nie spesifiek genoem nie.

Aanvanklik het hulle seker gewag dat Jesus op 'n stadium aan hulle moet verskyn want was die boodskap via Maria Magdalena al by die eerste verskyning gewees dat sy dissipels weer in die gebied op Hom moet wag. Nou was hulle al moeg gewag. Ons kan aanvaar hierdie verskyning was dalk meer as 'n maand nadat die opstanding plaasgevind het. Die meeste het seker eintlik maar gedink dit sal nie gebeur nie. Dis waarom Petrus maar gewoon wou terugval op sy ou werk, ek gaan visvang.

Jesus gebruik egter die ou dinge om daaraan 'n besondere nuwe inhoud te gee en dit is by hierdie sewende verskyning iets wat ons duidelik moet raaksien. Deel van die ou dinge was dit wat in Lukas 5 gebeur het. Toe Jesus sy dissipels die eerste keer geroep het, was dit ook op die seestrand. Ook was dit 'n situasie van die mens behaal nie altyd sukses nie. Hulle het daardie keer ook die hele nag deur niks gevang nie. Klomp dinge wat toe reeds gebeur het wat ooreenstem met wat hierdie bepaalde dag van die verskyning ook weer gebeur het. Petrus wat toe as soort van koster sy boot vir Jesus dieper die see moes insleep dat sy boot vir die Here 'n preekstoel kon wees. Van daarúit het Jesus toe vir die skare gepreek.

Nou was daar nie 'n skare op die strand nie, maar ons lees net van Jesus en die sewe dissipels. Net sewe wat na 'n nag se werk geen sukses kon wys nie. Wat het van die skares geword, hulle het eenvoudig verdwyn. Baie het Jesus se vyande geword, baie het indirek tot sy kruisiging bygedra. Jesus se volgelinge het so terug gekrimp dat daar op die einde minder as net die 12 was vir wie Jesus op 'n stadium gevra of hulle nie ook maar wil weggaan nie. So besef ons dat harde werk word nie noodwendig altyd beloon nie en moet ook nie altyd die rede daarvoor by jouself wil soek nie. Dit het Jesus dwarsdeur sy bediening op aarde vir ons al duideliker en duideliker wou maak. Toe Jesus die eerste keer hierdie dissipels geroep het, het Jesus wel iets baie groot en merkwaardig gesê wat die dissipels na hulle roeping duidelik moes hoor. Ons het dit vanoggend as teksverse ook weer kon aanhaal. Waar die Here vir Simon gesê het- *Moenie bang wees nie, van nou af sal jy mense vang.*

Die vang van mense lyk op die oog af ná drie jaar saam met Jesus ook nie so 'n groot sukses te wees nie. Petrus het uit moedeloosheid en ontnugtering en sekerlik met groot teleurstelling na die kruis gesê- *Ek gaan visvang ... eintlik iets van ons vang van mense lyk of dit nie geslaag het nie.* Daarom weer die vraag is ons meting van sukses noodwendig altyd die goddelike maatstaf waarmee God sukses meet. Ek dink ons maak 'n groot fout as ons só dink. Is die grootheid van getalle en die trek van skares mense in God se oë werklik die waarborg van 'n geslaagde kerk of is die teendeel nie baie keer waar nie. Ons sal onself hierin moet toets en nog maar weer 'n keer moet toets.

Die Woord wat sê baie is geroep maar min is uitverkies is nie verniet deur God self as waarheid, ja as harde waarheid uitgespreek wat in liefde na geluister moet word. Hy wat die waarheid is, het ons ook 'n gelykenis geleer wat die kerk altyd mee besig moet wees. Matt. 13:47-48 *47 Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n net wat in die see gegooi word en van elke soort bymekaarbring; 48 en as dit vol geword het, trek hulle dit op die strand uit en gaan sit en maak die goeies in bakke bymekaar, maar gooi die slegtes weg.* Dis ook 'n harde waarheid. Luister in liefde daarna. Die bakke is soveel kleiner as die grootte van die strand. Hulle in die bakke sal op die einde baie minder wees as die weggegooide vis op

die strand. Weereens moet nie dat getalle jou moedeloos maak en op die einde jou finale maatstaf word nie.

Daar op die strand staan Hy wat die waarheid is op die strand. Hy wat die weg, die waarheid en die lewe is maar soos Hy die weg aantoon, soos Hy die waarheid is, soos Hy die lewe oopbreek is dikwels so anders as dit wat ons menslike verwagtinge is. Johannes beskrywe in sy eie woorde Jesus se derde verskyning aan hom, al is hierdie inderwaarheid al die sewende verskyning gewees. Johannes noem nie self sy naam nie, hy skram dikwels in sy evangelie daarvan weg om homself by name te noem, maar hy is wel die een wat dit daar vanuit die skuit duidelik kon sien en dit ook só gesê het- *DIT IS DIE HERE*. Petrus die impulsiewe, die voortvarende spring kaal bolyf in die water, waarom weet ons nie. Omdat hy skaam was vir sy bekleding, omdat hy bang was vir sy verloëning, omdat hy haastig was om na die Here te swem, dit kon enige van die redes wees, maar die feit is, hy is weer wat sy persoonlikheid was, baie voortvarend!

En dan kom die punte bymekaar wat ons by hierdie sewende verskyning op baie maniere moet aangryp. Hy wat die Here is, Hy wat op die strand is, het weer sy dissipels die see ingestuur voordat hulle die see van mense in hierdie wêreld moet ingaan. Die net moes aan die regterkant uitgegooi word en daar maak hulle die vang wat niemand op kon reken nie. Dadelik besef ons hulle was nie met die groot vang beloon omdat hulle sulke goeie vissers was nie, want al was hulle goeie vissers het hulle nette die hele nag deur leeg gebly. Daardie vang vertel eintlik maar die verhaal van ons almal se lewe. As daar sukses is dan is dit ook net genade. Genade alleen. En dei getal 153 visse is 'n merkwaardige getal. Wetenskaplikes wat daardie gedeelte van die see al ondersoek het vertel aan ons daar is 153 spesies, 153 soorte van vis in die deel van die see. God sê almal spreek in alle opsigte! Mag ons die vraag vra was daar dalk van elke soort vis in die net saam, ons weet nie, maar die ooreenkoms met die getal 153 bly merkwaardig. Waar God regeer gebeur dinge wat ons verstand in alle geval nie kan uitwerk en alles afhandel nie.

Die dissipels kon uit hulleself daardie oggend nie eers een vissie vir hulle ontbyt aanbied nie, maar as die dissipels op die strand kom is daarbenewens hulle 153 visse, ook reeds gaar vis, daar is brood ook. Die Here regeer oor alles, oor die kleinste van diertjies, oor die grootste van gebeure wat daar in die wêreld kan plaasvind. Die groot getal vis is aan die dissipels gegee as onverdiende beloning maar hulle onmiddellike honger kon ook gestil word.

En wat die Here in Lukas 5 gesê het, is beslis nie 'n saak wat in Johannes 21 by hierdie sewende verskyning sou ophou nie. *Van nou af gaan jy mense vang...* Die nette het merkwaardig genoeg nie geskeur nie, want wil Jesus dit duidelik maak waar God die nette deur die wêreld sleep is hulle heel en sal hulle heel bly. Sy regering is en bly volmaak! En God maak vol wat leeg was. Ook ons as kerk moet dit raaksien. Die mense van ons dorp en omgewing moet deur die kerk se werk soos visse in die nette bymekaargebring word. Jesus was ernstig ook as Hy in sulke besondere gelykenisse tot ons wou spreek. Ons kan nooit maak of Jesus nie vir ons hierdie baie duidelike opdrag gegee het nie. Luister ons wel daarna, gehoorsaam ons Hom wel?! Ons kan aanvaar dit was baie kort vóór die hemelvaart wat hierdie verskyning gebeur het en die daaropvolgende 3 verskynings sou baie kort op hierdie een volg.

Jesus was na sy mensheid ook haastig om by sy Vader in sy volmaakte heerlijkheid te wil en kan wees. Hy sou geen dag langer as dit wat as 40 dae ná sy opstanding vasgestel sou wees na sy mensheid op hierdie aarde wou wees nie. Hy wou opvaar dat sy groter heerlijkheid en sy al hoe omvattender teenwoordigheid wat met die uitstorting van die Heilige Gees sou volg nou ook die al groter wordende werklikheid kon word, ook vir jou en my.

Mag ons wil werk met die oog op die ewigheid. Hier is baie tydelike dinge op aarde wat so baie tyd, so baie energie, soveel emosie en gevoel van mislukking hier op aarde teweegbring, ja met die oog op die tydelike dinge word hier op aarde baie hard gewerk. Elkeen sal die som moet gaan maak of plaas jouself in die skaal van die lewe, hoeveel werk doen jy, ja u en ek wel met die oog op die ewigheid daar waar dit gaan dat God se getal vol moet word. Van nou af sal jy mense vang is elke gelowige volgeling van Christus se plig, ja jou en my dure plig. Daar is 'n getal wat vol moet word. Die getal is vas, so vas soos die 153 'n vaste getal was. Die vraag sal nie weggaan nie, is jou lewe, die grootste deel van jou lewe en jou werke gerig op die dinge wat tydelik is of is ons werklik aan die werk met die oog op dit wat ewig is.

AMEN